

**Skriflesing:** Efesiërs 6: 10 – 24

Teks: **Efesiërs 6: 10, 13**

**Sing- VOORAF SANG: Ps. 68:9**

**TYDENS EREDIENS: Ps. 68:2,15; Ps. 94: 6,12; Ps. 25:3; Sb. 14-3 (53): 1**

**Efesiërs 6: 10 – 24**

**Eph 6:10** Verder nog dit: **Soek julle krag in die Here en in sy groot mag.**

**Eph 6:11** Trek die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle op julle pos kan bly ondanks die listige aanslae van die duiwel.

**Eph 6:12** Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug.

**Eph 6:13** **Trek daarom die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle die stryd tot die einde toe gevoer het, nog op julle pos kan bly staan.**

**Eph 6:14** Bly dan op julle pos, toegerus met die waarheid as gordel om julle heupe, die vryspraak deur God as borsharnas,

**Eph 6:15** en die bereidheid om die evangelie van vrede te verkondig as skoene aan die voete.

**Eph 6:16** Daarby moet julle altyd geloof as skild in die hand hê, want daarmee sal julle al die brandpyle van die Bose kan afweer.

**Eph 6:17** Sit verlossing as helm op en vat die swaard van die Gees, dit is die woord van God.

**Eph 6:18** Doen dit alles biddend en smee God by elke geleentheid deur die Gees. Wees waaksaam en bid gedurig vir al die gelowiges.

**Eph 6:19** Bid ook vir my dat wanneer ek preek, God my die woorde gee dat ek die geheimenis van die evangelie met vrymoedigheid kan bekend maak.

**Eph 6:20** Ter wille van hierdie evangelie is ek 'n gesant in boeie. Bid dat ek dit met vrymoedigheid kan verkondig soos dit my opgelê is.

**Eph 6:21** Tigikus, die medegelowige wat ek baie liefhet, die getroue dienaar in diens van die Here, sal julle alles vertel, sodat julle ook kan weet hoe dit met my gaan en wat ek doen.

**Eph 6:22** Ek stuur hom juis hiervoor na julle toe, sodat julle kan hoor hoe dit hier by ons gaan en, sodat hy die kommer in julle gemoed kan wegneem.

**Eph 6:23** Vrede vir die broers, en liefde en geloof, van God die Vader en die Here Jesus Christus!

**Eph 6:24** Die genade sal by almal wees wat vir ons Here Jesus Christus met onverganklike liefde liefhet.

**Skriflesing:** Efesiërs 6: 10 – 24

Teks: **Efesiërs 6: 10,13**

**Sing- VOORAF SANG: Ps. 68:9**

**TYDENS EREDIENS: Ps. 68:2,15; Ps. 94: 6,12; Ps. 25:3; Sb. 14-3 (53): 1**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, direk nadat ons verlede week die Here met ons oor die baie besonder intieme dele en uitsonderlik belangrike verhoudinge in die lewe gehandel het, staan vandag se gedeelte. Ons het die huwelik, die gesin en die werksplek in besonder behandel as daar waar ons verhoudinge met mekaar soveel mooi dinge kan wees. Om in alles Christus voor oë te mag hou, Sy liefde, maar ook Sy krag moet in alles ons liefde en ons krag word.

Vandag gaan ons in liefde verder maar my liefde vir God gaan juis daarvoor om in die krag van God my lewe in te gaan. Soos vandag se gelese gedeelte in die ouer vertaling begin – *word kragtig in die Here en in die krag van sy sterkte*. Of presies soos ons in die '83 Vertaling dit gelees het- *Soek julle krag in die Here en in sy groot mag*. Die 2020 Vertaling stel dit: *Vind jou sterkte in die Here en in sy geweldige krag ...*

Broeder en suster, op die laaste kerkraadsvergadering het iemand voorgestel dat ons as Kerkraad en gemeente moet vir onself doelwitte kan stel. Daar moet iets van 'n bepaalde dryfkrag, ja 'n duidelike missie moet daar wees, ons moet ook vanuit ons dryfkrag by 'n bepaalde doelwit uitkom, in die koöperatiewe lewe praat hulle van 'n missie en 'n visie. As kerk is ons liggaam van Christus, ons moet vir die koöperatiewe lewe leiding kan gee, as lede van Christus moet die wêreld by ons dinge kan leer, dis nie ons wat die wêreld moet navolg nie.

Die gewoon wêreldse visie en missie mag ons nie dikteer nie, maar as daar tog in hierdie besondere tyd, ook so aan die einde van ons reeks uit Efesiërs en wel nog vroeg in die jaar 'n groot tema uitgelig mag word, mag ons kerklike visie en missie vir 2021 dan dit wees wat ons vandag uit Efesiërs besef – GORDELS VAS – DIS OORLOG! Ons twee groot gedagtes sal dan net dit kan wees – Eerstens, hoe gaan ons in hierdie tyd ons gordels vastrek. Tweedens, dis oorlog, waar staan ek en jy in hierdie oorlog? Eerste dan-

**Hoe gaan ons in hierdie tyd ons gordels vastrek?!**

Al manier hoe ons die gordels kan vasmaak is om werklik by die waarheid van God se Woord uit te kom en daarby te bly. Watter waarheid, *wat is waarheid* het Pilatus ook vir Jesus gevra. Het u al daardie vraag ook vir uself kon vra? Efesiërs is vanaf hoofstuk 1 tot op hierdie presiese oomblik besig om te wys wat waarheid is. Vers 14 staan dit - *14 Bly dan op julle pos, toegerus met die waarheid as gordel om julle heupe ...*

\*\*\*

Die waarheid wat Efesiërs 'n lang pad tot hier met ons loop is 'n waarheid wat nie 'n klomp los gedagtes en allerhande filosofieë en slimmighede van mense is nie, maar die waarheid is in die eerste plek nie 'n IETS nie, maar 'n IEMAND. Die waarheid is Hy wat Self gesê het – **EK IS DIE WEG, DIE WAARHEID EN DIE LEWE**. As ek nie vanoggend in Hom is nie, as my kerkgang en lewenswandel nie in Hom is nie, as my besef van my ellende en ook die besef van wat is die oorsaak van die wêreld se pandemie-ellende, nie gesoek word (en gevra word!) in wat sê Christus vir ons in hierdie dae, dan is u in u lewe en u soeke op die verkeerde plek! 'n Groot vraag in ons tyd moet wees, wat sê Christus, wat sê Hy wat die waarheid is, hoekom lyk ons kerke en die wêreld soos wat dit lyk.

U wat saam met my die waarheid-pad uit Efesiërs tot hier kon stap, hou u nog by, verstaan u die waarheid van God. Efesiërs wat dadelik begin met die uitverkiesing! Nie om jou bang en onseker te maak nie, maar juis om vir jou plek in God se hart te gee. Jou te verseker en te troos dat as jy jou waarlik met Sondag 1 van die Kategismus kan identifiseer dan gaan dit om meer as net 'n identifikasie, dit gaan om 'n proklamering en bevestiging van jou identiteit. **Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe? - *Dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe nie aan myself nie, maar aan my getroue Verlosser, Jesus Christus behoort ...***

\*\*\*

En vanuit hierdie waarheid om in Christus uitverkies te wees moet jy in Hom wat die waarheid is al die ander waarhede onthou en vasmaak. As ons maar net weer die groot temas in Efesiërs mag oproep wat ons tot hier gebring het. Erken jy Christus as jou Hoof en waarlik ook die Hoof van hierdie Kerk (Ef.1:15-23). Dit is waar alles vir ons as Kerk moet begin. Christus is ons Hoof en Hy alleen! As jy dit glo, besef u dat u wat die geloof ontvang het, wat is die krag en omvang van jou geskenkte geloof. Daarna het Efesiërs begin om oor eenheid te handel. Efesiërs 2 en Efesiërs 3 is diep ingebed in wat is eenheid, hoe belangrik dit is, hoe ons nie daarsonder kan wees nie. Om in Christus een te wees maak jou lid van God se huisgesin (sy Kerk – Ef. 2:11-22). Jy word deel van 'n nuwe mensheid! In dieselfde waarheid wat Christus by ons inplant besef ons dat alle volke, tale, nasies en kulture mag hulle eie identiteit inleef maar as dit kom by die uitleef van ons geloof dan mag my velkleur, my taal, my kultuur nie 'n struikelblok in my dien van Christus wees nie. As ons kerk van Christus is maak dit nie saak of jy Afrikaner, Xhosa, Sotho of Zoeloe is nie.

In en vóór Christus is ons een... Jood en nie-Jood het Paulus saam met die geheimenis van die uitverkiesing as 'n besondere groot geheimenis in God se Raadsplan ons geopenbaar. Daarom mag ek nie my mede-gelowige, in baie gevalle, swart medegelowige eerstens kragtens sy velkleur oordeel nie, maar as hy/sy waarlik glo, het Christus so een met Hom een gemaak en moet ons in ons kerk-wees een wees. Dis 'n muur van skeiding wat Christus afgebreek het, wat ons nie mag probeer om dit weer op te rig nie (vgl. Ef. 2:14). God het sy Kerk een groot nuwe mensheid gemaak wat as 'n nuwe mensheid in God oor alles nuut moet kan dink. Dink nuut oor jou identiteit, dink nuut oor jou roeping, ja as u werklik in staat is om daardie besondere gebed van Paulus in Efesiërs 3: 14-21 saam met hom te bid dan is dit 'n gebed dat God my lewe

en ook as ons Kerk vandag sal volmaak met sy krag en sy liefde en sy kennis en sy volheid. Mag dit wees dat u die waarheid van hierdie gebed ook kan bid? Gaan werklik biddend om met die gebed van Efesiërs 3 se einde?

\*\*\*

Dan is my gebed dit wat hoofstuk 4 ons by uitgebring het dat 'n ware kerk moet sy eenheid prakties kan uitleef. Hoofstuk 4-6 gaan oor praktiese uitleef van dinge. Ek moet nie net mooi oor al die dinge van hoofstukke 1-3 kan praat nie, maar ek moet dit uitleef. Uitleef beteken dit moet gedoen en gesien kan word. Hoe die Vader en die Seun en die Heilige Gees één is, so 'n eenheid moet in ons kerk-wees ook wees. God gee die materiaal daarvoor, Hy het aan ons wysheid gegee, Hy gee gawes, God gee die ampte, God gee aan ons die krag, buiten die feit dat God groot geheimenisse vanuit Homself aan ons wil bekendmaak. Ja, om met die waarheid omgord te wees is om met hierdie geheimenisse omgord die lewe in te gaan.

Of anders gestel, jy is omgord met God se seëninge, wat maak jy daarmee. As God jou seën, want jy hier vandag is 'n geseënde van God, wat is jy besig om met hierdie seëninge van God te maak. Ons moet dit onderstreep ... Hfst. 4-6 moet ons sien as die werklik praktiese toepassing van wat die eerste drie hoofstukke ons deeglik op God se werk in ons lewe wou wys. God werk vir jou, hoe gaan jy nou vir Hom werk, is eintlik waarop hoofstukke 4-6 op neerkom. Hoe gaan ek my met hierdie waarheid omgord? Is jy een wat besef wat dankbaarheid is en wat dit moet wees. As mens wat my ellende besef (Sondag 1-4 van die Kategismus) as mens wat weet ek is verlos en God het my verlos (Sondag 4-Sondag 31 van die Kategismus) dan staan Sondag 32 tot Sondag 52, ja alles vêrder in die Kategismus wat jou en my belydenis is, handel oor die dankbaarheid wat ons aan God verskuldig is. Ja, die Kategismus maak jou lewe 'n balansstaat, soos wat Efesiërs 1-3 met Efesiërs 4-6 uitgebalanseer moet kan word. (Die teorie moet by die praktyk kan uitkom, of nog weer anders gesien, die leer moet by die lewe kan uitkom). 'n Syfer balansstaat moet klop, anders is daar fout, so moet ook jou lewens balansstaat kan klop, anders is daar fout.

\*\*\*

As ek nie in volle oorgawe my dankbaarheid in hierdie tyd oor soveel seëninge kan uitleef nie, hang die vraag nie oor ons seëninge nie, want ons is reeds geseën, maar is daar 'n vraag oor jou ware lewe. (Dink net vir 'n oomblik aan die milde reëns wat ons hierdie seisoen ontvang het. As

dit nie gereën het nie, waar was jy nou?!) As jy werklik in Christus lewe sal jy nie anders as om dankbaar te wees nie. 'n Goeie boom, in Christus goed gemaak, kan nie anders as om goeie vrugte te dra nie. Daarom word dit werklik 'n al groter vraag in die gemeente, hoe op aarde kry hierdie Kerk dit reg en ons noem onself Kerk, maar hier is meer as die helfte van hierdie kerk wat nie op 'n maandelikse basis gereeld dankoffers gee nie?! Hier is minder as 26% wat gereeld maandeliks bydra, as daar werklik eerlik en streng met die syfers omgegaan word! Hier is mense wat hulleself dankbare gelowige kinders van God noem maar hulle spandeer meer aan 'n DSTV skottel per maand as wat daar dankoffers in Christus se liggaam realiseer?

Wat gaan aan? 'n Lewe in volle dankbaarheid moet tog wees 'n lewe in volle oorgawe! Soek so een werklik sy krag in die Here en in sy groot mag of is jou lewensgordel eintlik lankal begrawe soos Jeremia opdrag ontvang het om die gordel om sy heupe los te maak en tussen klam rotse in te steek en te begrawe want daardie gordel, as toonbeeld van sy volk, dit wys nie die lewe nie, dan sal dit maar eenvoudig moet muf en tot niet gaan! Maak eerder sulke tempeldeure toe as om dit nog te probeer oophou, het ons so twee weke gelede uit Maleagi 1 gehoor. Geliefdes u kom agter hoekom Efesiërs op die oorlogsveld eindig, want ons beweeg al nader in daardie rigting.

\*\*\*

Hoe ons weer ons gordels gaan begin vastrek, het met die waarheid van jou dankbaarheidslewe te make, maar ook presies met wat ons verlede Sondag by was. Hoe kyk ons na ons huwelike, hoe lyk ons gesinslewe, wat gebeur daar op die werksplek? Wat is die waarheid wat op hierdie drie groot lewensterreine moet geld? As jy as mens in God se lig en in God se liefde besef, God het ons as Kerk nie net deel van 'n nuwe mensheid gemaak nie, maar ek het self 'n nuwe mens kon word, dan moet die nuutheid tog gesien kan word. Dit wat Christus ook bewoord het van jy werk nie ou stukke lap op 'n nuwe kleding nie, jy gooi nie nuwe wyn in ou leersakke nie. Met die kleding en die wyn is jou lewe ter sprake, waar wyn ook eersdaags weer op die Here se tafel ter sprake gaan kom, hoe lyk die kleding van jou lewe? Is jou kleding werklik met die waarheid omgord? Mag jy werklik wil deel in die brood en die wyn maar die kerklike lewe is eintlik maar so 'n bykomstige lastigheid in jou lewe wat ek darem nie heeltemal van ontslae wil raak nie. Geliefdes dit laat ons vandag by ons laaste gedagte en ook by die laaste in ons reeks uit Efesiërs- ons besef, dis gordels vas –

**Want dis oorlog!**

Die geestelike oorlog wat ons ook in hierdie Kerk sal moet veg en al hoe harder sal moet veg, kan nie met fisiese wapens geveg word nie, maar daarvoor het ons geestelike wapens nodig. Die krag van woorde, die skerpte van God se lig, die omvangrykheid van God se liefde, ja met die opbrengste wat God jou in jou huwelik en gesin en werksplek reeds geskenk het, is daar geen terrein wat Satan jou gaan uitlos nie. Die werklikheid van die oorlog kan ek nie beter bewoord as wat God dit Self doen nie - *12 Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug.* Die 2020- Vertaling stel dit: *Vir ons is die stryd immers nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van hierdie duisternis, teen die bose geeste in die hemelruim.*

Van watter kant ons ook hierna kyk en hierna moet luister, neem niks die werklikheid weg nie. Ons het met 'n oorlog te make! In ons huwelike en gesinne en daar waar die ekonomie moet werk, daar bloei dit tot in die are van die dood. Dit word die belastingbetaler se al groter vraag ... hoe gaan dit in ons werksplekke. Die bakhande is baie meer as die hande wat bereid is om te werk. Hoeveel geld word gemors en word gesteel, woorde kan dit nie meer beskryf of bevat nie. Nou weer entstof wat miljoene en miljoene gekos het, maar alles weer op die ys geplaas.

\*\*\*

Hoeveel geld in die land al gesteel en gemors is, is baie meer as om gewoon op 'n gegewe dag aan elke inwoner 'n miljoen, dalk selfs vyf miljoen rand te skenk en te vra, gaan werk nou daarmee. Jy kan jou dit nie indink dat ooit so iets oorweeg kan word nie, maar steel sal daar gesteel word. Baie meer as om gewoon aan elke inwoner in die land 5 miljoen in sy hand te kon gee. Die korrupes is al baie lank met hulle korrupsie besig. Dit begin by hulle wat veronderstel is om aan gelowiges 'n stil en rustige kerk-omgewing te skenk (vgl. Artikel 36 NGB), maar nee hulle is eerder die voorbokke om kerke te dwing om deure te sluit in plaas van om te besef kerke moet self oor hulle eie sake kan besluit.

Ons kom al duideliker agter die bose in die lug kry wel grond onder hulle voete. Hulle heers in hierdie sondige wêreld waar hulle baie mag en gesag het. Die wêreldheersers van hierdie duisternis en die bose geeste in die hemelruim staan lankal reeds in koalisie met mekaar en die

ergste van alles die meeste kerke vandag hou nie rekening met die werklikheid daarvan nie. Afrikaanse kerke, veronderstel mense van gereformeerde belydenis sluit hulle kerkdeure in 'n stadium toe dit regtig geen sin maak nie van dobbelhuise en winkelsentrums, bioskoopsale is oop, maar kerke moet toe. Die meeste was toe! Die internetdraadjie en die venster van 'n selfoon moes die kerklike lewensaar word. En dan word ons hier ter plaatse deur die myne gedreig, geliefdes, besef u waarmee is ons besig. Dis oorlog!

\*\*\*

Om ons krag en wapenrusting by God te soek het die waarheid as gordel die vermoë om alles verder saam te bind en saam te vat. 'n Christelike huwelik en christelike gesin en christelike werksplek is altyd aan dieselfde stryd van Efesiërs 6 se einde onderhewig. Daarom is geen deeltjie van die verdere wapenrusting wat ons gaan benodig oorbodig nie. Trouens dit is nie soos met 'n gewone oorlog wat ek dan die wapen en dan weer die ander wapen moet gebruik nie, maar in die geestelike oorlog moet elke wapen gelykelyk en gelyktydig ewe hard werk. En ons sien, vlug is nie 'n opsie nie. Niemand kan van hierdie geestelike oorlog wegvlug nie. As jy daarin is, is jy daarin. Daar is geen wapen wat hier genoem word wat jou rug gaan beskerm nie. As jy jou rug op die dinge gaan draai weet dan, jy het self jou rug daarop gedraai. Dit wat die Satan gepoog het jou van voor aan te val en jy jou wel kon verdedig, van agter is daar geen verdediging ter sprake nie.

Daarom dat die woord *staan vas* of die 1983-Vertaling praat van *op jou pos bly* – in die Grieks het ons die woord afgelei van die stam  $\text{ἵστημι}$  wat baie duidelik wys op jy moet jou nie laat versit nie. Al het jy nie op daardie oomblik enige bondgenoot nie, jou staan moet jy staan. Die woord in die Grieks lê in die woordveld van jy is op daardie plek neergesit. Jy is op jou plek geplaas en daar moet jy kan bly staan. Hoe mooi lê hier ook weer diep in die agtergrond ons leer oor die uitverkiesing. Ek het nie noodwendig gekies om hier my staan te staan nie, maar God het my uitgekies en my hier neergesit. Vers 11 en vers 13 gebruik elke keer hierdie woord – ek en jy moet op ons pos kan bly. Die meer letterlike vertaling ons moet kan vasstaan. Dan is jy iemand wat by jou oortuigings bly, jy is seker van jou beginsels. Onbeweeglik vas is elke deeltjie van die verdere wapenrusting wat ek moet kan aantrek.

God se vrypraak is jou borsharnas. Dit wat God in jou hart ingeplant het, moet beskerm word, daarom het jy hierdie borsharnas, hierdie geregtigheid van God so nodig. Die skoene aan jou voete het weer met ἵσθημι te make. Die skoene van daardie tyd was sulke oprygsandale met ysterknoppies op die sole. Daarmee kon jy vasstaan en as jy vorentoe beweeg het dit jou gehelp om vas te trap waar jy jou voet dwars sit. Die skoene waarmee God ons wil aantrek is die bereidheid om al die waarhede wat ons tot hier uit hierdie boek gehoor het, te verkondig. Dit is alles blye evangelie wat ons ontvang het. Watter voorreg om dit te mag bly doen! Mag dit ook jou evangelie wees, die evangelie van vrede wat in Christus ons vrede is.

Dan kom daar ook die skild van geloof. Die skilde van daardie tyd was gewoonlik van hout met 'n metaalplaat voorop. Gewoonlik het die vyande hulle pyle se punte in teer gedruk en dit dan aan die brand gestee. Ek moet hierdie brandende pyle van my kan wegkeer terwyl die oorlog aan die gang is. Al is die pyle hoe skerp en hoe brandend mag jou en my skild van geloof in hierdie oorlog reg hanteer word. Hoe baie pyle op ons afskiet kan niemand tel nie. Selfs in die erediens waar ek sit en toelaat dat my gedagtes dwaal en dink allerhande ander dinge, moet nie iemand anders skuld gee nie, dis maar 'n pyl, 'n brandende pyl wat jy nie behoorlik weggekeer gekry het nie.

Tegelyk moet op ons koppe wees die helm van verlossing. In die oorlog moet jou gedagtes en verstand rondom ons suiwere leer en belydenis met ons verstande beskerm kan word. Dit gaan om die setel van jou gedagtes. Ook hier is die Satan met sluwe taktiek in ons tyd besig. Hy vul jou gedagtes met frustrasie en moedeloosheid en dan begin jy al meer perspektief verloor. Dan begin al meer dinge vir jou voel soos 'n verlore stryd en asof alles werklik tevergeefs is. God het vir jou jou brein gegee om te dink en te bely. Die hoogtepunt is ek kan dit as verlore doen. Beskerm die ware leer wat daar in jou kop moet wees, beskerm dit met elke breinsel wat daar is. Die helm van verlossing is jou reeds opgesit om dit te beskerm. Ons sou nog so baie hieroor kon sê.

Die laaste wat ons reeks uit Efesiërs ook vandag in die laaste wil bevestig. Glo jy dat wat ons die Bybel noem werklik God se Woord is. Die Woord van God is die swaard van die Gees. Glo



jy dat God in elke deel van die Bybel ook met jou wil praat. Hoe baie het Hy aan ons gesê en aan ons gegee soos ons hierdie besondere Bybelboek (Efesiërs) deel vir deel kon hoor.

Jesus was nie bang om God se Woord te gebruik toe die Satan Hom aangeval het nie. Jesus weet die Woord is die swaard van die Gees. Jesus het as mens die Woord geken. Toe die Satan Hom versoek om van die tempel se dak af te spring want daar is mos geskrywe dat God sy engele aangaande jou bevel sal gee dat jy nie eers jou voet teen 'n klip sal stamp nie. So misbruik Satan God se Woord en daar is so baie wat vandag ook nog hierdie Woord misbruik. Tog wat was Jesus se antwoord, ja so aangrypend as Jesus sê **MAAR DAAR STAAN OOK GESKRYWE ...**  
*Jy mag die Here jou God nie versoek nie.*

Mag u in staat wees om te weet wat geskrywe is. Mag u die Woord van God reg in u lewe gebruik. Dis LEWENSBELANGRIK, inderdaad jou en my lewe hang hiervan af! Die swaard van Gees, dit is die Woord van God laat ons hierdie besondere woord uit Efesiërs dan afsluit. Hou asseblief nie op om te bid dat die swaard hier ook altyd reg hanteer, reg gehoor, reg toegepas sal word nie. Dit alles omdat ons werklik vir Jesus Christus lief is. Paulus praat van om Hom met 'n onverganklike liefde lief te hê ...

Mag ons afsluit met wat Paulus ook vir u vra om te doen, ook ná hierdie reeks uit Efesiërs nou afgesluit kan word ... *18 Doen dit alles biddend en smeeek God by elke geleentheid deur die Gees. Wees waaksaam en bid gedurig vir al die gelowiges. 19 Bid ook vir my dat wanneer ek preek, God my die woorde gee dat ek die geheimenis van die evangelie met vrymoedigheid kan bekend maak. 20 Ter wille van hierdie evangelie is ek 'n gesant in boeie. Bid dat ek dit met vrymoedigheid kan verkondig soos dit my opgelê is.*

AMEN